

For the love and care of Fancy Pigeons / Vir die liefde en versorging van Sierduiwe

Die Sierduif

The Fancy Pigeon

April 2018



Official mouthpiece of SAFPA / Amptelike mondstuk van die SASV

Sommer net.....



Indeks / Index

Editors Column	2
Editorial	3
Beoordeling van duiwe - Christo Munnik	4
Junior van die Jaar - Attie van Aswegen	7
Dwergieskou - Attie van Aswegen	9
Dead in shell youngsters - Simon Jordaan	11
Birmingham Rollers - Christo Munnik	15
The important Pigeon vitamins - Simon Jordaan	19
The essential Pigeon minerals - Simon Jordaan	20
Am Showracer Jonduifskou - Pierre le Roux	21
SA's 2018 - Benard van Zyl	22
Waar staan ons met beoordelaars - Benard v Zyl	23
Scoreboard and Rules - Cover page	

NAK Smit

Teel met

American Show Racers

Patrysstraat 36

Stellenbosch 7600

Cell: 072 585 0348

E-pos: naksmi@adept.co.za



President

Chris de Bruin

Tel: 012 819 1594 (na ure)

012 420 0181 (kantoor ure)

e-mail: chris.debruin@

dcs.gov.za of tiaandebru-

in@hotmail.com



Sekretaris

Peet Botha

Sel: 082 467 0996

e-mail: peetsandra@

vodamail.co.za

Advertisement Costs

Businesses and non SAFPA members

Quarter page R250 Half page - R450 3 Quarter page - R650

Full page - R850 Colour cover page R1200

SAFPA members - Only one placement

Quarter page R100 - Half page R200 - 3 Quarter page -

R300 Full page - R400

Editor's column

Birthdays

Dawie de V Snyman - 01-May
Riaan Strydom - 02-May
Junior vd Walt - 02-May
Attie van Aswegen - 04-May
Jurie van Rensburg - 05-May
Pieter Schmidt - 07-May
Christie Roux - 09-May
Nico van Rensburg - 09-May
Marleen Esterhuizen - 10-May
Roan Buitendag - 12-May
Anton Laubscher - 12-May
Naas du Preez - 13-May
Giovanni Renda - 15-May

Ju-Marie Swanepoel - 22-May
Elizabeth Swarts - 24-May
Chanté van Staden - 24-May
JAS van Niekerk - 26-May
Flip Koekemoer - 28-May
Gideon Nel - 30-May

Ill members -

None

Deaths -

Gert Holtzhuizen
Rassie Erasmus
John Bland



Banking details

Account Name SAFPA
Standard Bank Tyger Manor
Branch Code 05-04-10-41
Account Number 272 692 794

National Ringmaster

Available
Monday to Saturday
08:00 - 20:00
Sunday after 14:00

Wraak maak jou gelyk met jou vyand,
vergifnis plaas jou hoër as hy.



**Redakteur/Editor
Christo Munnik**

O genade om elke maand redaksionale kommentaar te lewer gaan maar neuk want, wat skryf ek tog alles sodat dit nie afgesaag klink nie. julle sal sien dat van hierdie maand af ek die twee bladsye met die Ere-Presidente/Ere Vise-Presidente uitgehaal het op versoek van Bertie Wessels en Christo Britz want die informasie verskyn nou op die webblad en sal dan ook opdatum gehou word deur die mense wat die webblad beheer. Wat ook uitgehaal is, is die Spesiale Klubs se inligting wat dan ook op die webblad beskikbaar is.

Die bladsy met die skou inligting is die maand uitgehaal eintlik per ongeluk maar ek sal van die lede af wil hoor of dit in die boekie moet bly. Christo

Britz is van mening en ek stem saam dat dit eerder in die boekie bly waar ek dit kan beheer maar wat sê die lede daarvan?

Ek probeer bietjie nuwe dinge in die boekie inbring soos meer kleur en dan het ek die maand die Brunner in die agtergrond as watermerk kan jy maar sê ingebring en sal elke maand 'n ander ras insit as dit gaan werk. Ek wil graag die boekie meer in kleur aan die lede deurgee en baie meer fotos ook plaas van duiwe. Gee net bietjie kans maar as julle mooi fotos het van julle eie duiwe stuur dit asseblief in dan kyk ek wat ek daarmee kan doen veral op die drie buite bladsye waar ek gewoonlik fotos plaas. Neem vir my julle hokke en duiwe af asseblief. As ons saamwerk kan ons dit doen.

Ek sukkel ook om genoeg inligting van streke af bymekaar te kry vir die gedenkuitgawe wat volgende jaar moet verskyn. Help tog asseblief met die inligting ek sal dit regtig waardeer. So moet ek ook weer smee vir artikels julle sal sien dat ek hierdie maand twee van my eie ou artikels in het en ook artikels wat Simon van die internet aftrek totdat ek moelikhed kry daarmee.

**Help
Asseblief!!!!**



Beoordeling van duive Christo Munnik

Ek gaan probeer om in die skrywe te verduidelik hoe te werk gegaan word, of hoe dit behoort te werk om duive te beoordeel tydens 'n skou. Ek beoordeel nou al vir bykans 40 jaar duive en elke keer as ek dit doen leer ek iets nuuts, of ek verbeter myself sodat ek die beste diens waartoe ek in staat is aan die vertoner kan lewer. Baie vertoners doen geen moeite om duive skougereed te kry nie en ander oordoen partymaal ook weer die duif. Wat ookal die geval die beoordelaar moet te alle tye respek hê vir die vertoner en sy duive.

Ek glo dat die meeste vertoners in elk geval nie met 'n beoordelaar sal verskil oor sy opinie nie, omdat die vertoner of teler van die ras in baie gevalle nie die standaard van die duif so goed ken dat hy met jou sal of kan verskil nie. Dit is natuurlik baie jammer, want daar is standarde beskikbaar vir elke ras en as jy dan met 'n spesifieke ras teel behoort jy die rasstandaard net so goed te ken as

die beoordelaar. Hoekom sê ek so. Teler skryf gewoonlik drie of vier duive in 'n klas in want hy/sy is nie seker watter een die beste is nie, nou gee die teler die beoordelaar 'n wyer keuse om van te kies. Dit is ook so dat beoordelaars verskil en daarom het ek self al meer duive in 'n klas ingeskryf sodat die beoordelaar 'n wye verskeidenheid het om van te kies. Hierdie is alles negatiewe dinge aangaande skou en beoordeling en moet, as dit kan, uit die weg geruim word. Genoeg daarvan.

Enige mens kan 'n beoordelaar word of wees. Jy leer dood eenvoudig die standaard van die duif, volg die neergelegde reëls om getoets te word, en siedaar jy is 'n beoordelaar. Ek gaan hieronder 'n uiteensetting gee van hoe ek te werk gaan as ek 'n ras duive beoordeel. Daar sal verseker beoordelaars wees wat hiervan sal verskil omdat dit menslik is om te verskil van mekaar. Ek weet gewoonlik vooraf watter soorte duive ek gaan beoordeel, omdat ek per brief uitgenooi word deur 'n streek se bestuur. Ek sorg dan dat ek vooraf die duive se standaard/e deurgaans net om seker te maak dat ek nie iets vergeet het van die ras/se nie. Dit is onmoontlik om alle rasse se standarde ten alle tye een honderd persent te onthou omdat die uiterlike kenmerke of tipe van alle duive heeltemaal verskil van mekaar. Ek word gewoonlik vir tussen twee en tien rasse genooi per skou maar gaan hier net bly by die beoordeling van Brunners.

Omdat Brunners blaasduive is en hulle in aksie beoordeel moet word (aksie bedoelende dat die duif sy krop moet opblaas en die heel tyd moet rondbeweeg asof die duif met jou gesels) is dit nodig om die duive klas vir klas uit die skouhokkies te haal en in loopringe te beoordeel.

Brunners is dan ook agressiewe duive wat mekaar aanval in die loopring, daarom is dit nodig om twee of drie loopringe te hê vir die beoordeling van die duive.

Dit is ook van uiterste belang dat die area goed verlig moet wees of deur natuurlike lig (verkieslik) of deur elektriese beligting. Dit is ook nodig dat die beoordelaars ruimte van so 'n aard moet wees dat die beoordelaar rondom die loopring/e kan beweeg. Die volgende waarop ek let is dat die loopring net hoog genoeg van die grond af is sodat ek die duive ook van bo af kan besigtig. Dit is makliker om op 'n stoel langs die loopring te sit, as daar na die duive van die kant of van voor af gekyk moet word, as om op 'n stoel te staan om die duive van bo af te sien. Teen die tyd het ek al vir my helper (steward) aangesê om volgens die beoordelaarslys die hokke se nommers na te gaan en seker te maak dat alle leë hokke en die duive wat wel daar is se ringnommers op die lys aangeteken word. Indien dit 'n opgeleide persoon is sal hy/sy ook alle verkeerde inskrywings aan my rapporteer sodat dit, indien moontlik, reggestel kan word voor die beoordeling begin. Indien die helper 'n nuwe lid is of nie opgelei nie sal ek bogenoemde saam met hom/haar doen wat dan somer dien as opleiding vir die helper. Goed opgeleide helpers maak die taak soveel makliker vir enige beoordelaar.

Nou kan die beoordeling van die eerste klas begin. Dit maak nie regtig saak of dit volgens die lys gedoen word en of dit in 'n ander volgorde gekied nie, solank elke duif wat ingeskryf is beoordeel word. Die helper/s dra die duive vanaf die skouhokkies na die loopring aan en gee die duive een vir een aan my om te hanteer. Helpers moet geleer word om nie twee

en drie duive gelyk te probeer dra nie want dit kan duive beseer of vere breek en dit maak vertoners kwaad as hulle duive, wat reggemaak is vir die skou hardhandig hanteer word.

Ek, die beoordelaar gaan nou die duif versigtig deur om te kyk na die volgende:

1. Het die duif enige gebreke soos krom borsbene, verlore vere in die stert of vlerke.
2. Is daar enige sigbare lewendige luise of gaatjies (pinholes) wat deur luise in die vere gemaak is teenwoordig.
3. Die duif se algemene kondisie en veer kondisie.
4. Is die oë van die duif lewendig en is albei van dieselfde kleur en die regte kleur volgens die standaard.
5. Ek kyk ook somer dan na die vorm van die duif se kop, kleur en vorm van die bek, neusvratte en toonnaels en vergelyk dit met die beskrywing in die standaard.

Nou is ek tevrede dat ek die duif deurgegaan het en indien alles hierbo reg is plaas ek die duif in die loopring. Ek stuur gewoonlik net duive met gebreke en luise summier terug na die skouhokkie sonder om hom/haar verder te beoordeel. As al die duive in die betrokke klas in die loopring is tel ek hulle en maak dan seker volgens die lys of al die duive daar is. Nou begin die groot werk om die duive te kry om in 'n vreemde omgewing met 'n vreemde stem te gesels en hulle self aan te bied vir beoordeling. Dit is baie belangrik want blaasduive wat nie blaas en praat met die beoordelaar nie word summier uitgegooi. Terwyl die duive dan voor my paradeer moet ek na die volgende punte kyk en dit vergelyk met die standaard:

1. Die vorm van die krop wat geblaas is.

2. Die kop se vorm uit die hand uit.
3. Die lyf.
4. Die vlerke.
5. Die stert.
6. Die bene.
7. Die tone en toonnaels.
8. Die manier wat die duif loop.
9. Die kleur en gehalte van vere.

Al die bogenoemde punte word in die standaard van die duif volledig beskryf. Ek gaan dan nou voort om duiwe uit te haal wat volgens my opinie die meeste foute het gemeet aan die geskrewe standaard. Daar moet op gelet word dat ek nooit die duiwe met mekaar vergelyk nie. Ek sal die duif wat die minste foute het dan laat wen. Dit word genoem positiese beoordeling. Die enigste keer wat ek duiwe met mekaar sal vergelyk is as daar twee duiwe is wat eenders is met ewe veel goeie en slegte punte, dit word negatiewe beoordeling genoem. Indien al die klasse nou beoordeel is en daar dus 'n wenner in elke klas is, beoordeel ek weer al die wenners om te bepaal wie op die ou einde die beste in die ras is. Ek wil net eers vir die wat nie weet nie verduidelik wat klasse is. Duiwe van verskillende rasse word in die skouskedule opgedeel in die volgende klasse:

Voorbeeld

Brunner	YC	YH	OC	OH
Swart	1	2	3	4
Wit	5	6	7	8

Rooi 9 10 11 12

Bostaande net 'n voorbeeld van die eerste drie verskillende klasse vir die Brunner. Wat nou moet gebeur is, ek moet volgens die reëls die beste jong mannetjie (YC) uithaal tussen klasse 1, 5 en 9 en die duif dan laat deurgaan om te kompeteer teen die beste jong wyfie (YH) om te bepaal watter duif die beste jong duif in die ras is. Dieselfde weg word gevolg om die beste ou duif te bepaal (OC & OH). Weereens vergelyk ek die duiwe met die standaard wat dan nou makliker is omdat al die duiwe alreeds beoordeel is. Die volgende stap is om die twee finale wenners, beste jong duif en beste ou duif te beoordeel om een raswenner deur te stuur vir finale beoordeling, wat deur 'n Senior beoordelaar gedoen word om die top sewe duiwe van die hele skou te bepaal. Om die beste duif in die ras te kies vergelyk ek die duiwe ook met mekaar net om seker te maak dat ek die beste duif vorentoe stuur vir die Senior beoordelaar om te beoordeel. Dit sal dan gewoonlik die duif met die minste foute wees en wat ek in my hart oortuig is wat met die Senior beoordelaar sal praat.

Ek het ook al in my tyd die voorreg gehad om in ander lande te beoordeel soos Namibië, Australië en ook in die Filippyne. Ek het ook die skou in Doncaster Engeland bygewoon en heelparty duiweboere daar besoek.

TE KOOP

American Show Racers: 2 x 2017 @ R750 elk. 2 x 2018 @ R750 elk. 1 x 2015 mannetjie @ R750. Brooks en Whitson lyne. Blou swart gebalk en check. Koper moet self afhaal of reël vir vervoer vanaf Stellenbosch.

NAK Smit

Cell: 072 585 0348

E-pos: Naksmit@adept.co.za



Junior van die Jaar
Attie van Aswegen

2.13. Aanwys van Junior van die Jaar.

2.13.1. 'n Toekenning van Junior van die Jaar sal jaarliks tydens die kampioenskapskou gemaak word uit nominasies vanaf streekbesture ontvang. Die uitvoerende komitee sal 'n sub-komitee saamstel om die aansoeke te oorweeg en om die toekenning te maak. Die sub-komitee sal bestaan uit die Nasionale Jeugvertegenwoordiger en twee streekvertegenwoordigers wat nie aan dieselfde streke as die applikante verbonde is nie.

2.13.2. Alle aansoeke moet by die Nasionale Jeugvertegenwoordiger op die dag van inhok, ingehandig word. Die volgende aspekte moet in die motivering opgeneem word:

2.13.2.1. Hoe lank besit die junior reeds duive, met in agneming van sy ouder-

dom.

2.13.2.2. Getal skoue bygewoon en skouprestasie behaal, teenoor sy mede deelnemers en nie noodwendig net in die junior mededinging nie.

2.13.3. Die nominasie wat voorgelê word, moet ten minste aan een van die volgende aspekte voldoen:

2.13.3.1. Moes meer as 'n totaal van 20 duive op drie skoue vertoon het.

2.13.3.2. Moes op minstens een skou, waar ander juniors ook vertoon het, die junior kampioen duif vertoon het.

2.13.3.3. Bewyslewering dat die junior aktief hulp verleen tydens die duur van skoue waar hy/sy duive vertoon, byvoorbeeld om op te tree as helper vir beoordelaars.

2.13.3.4. Moet bewys lewer dat hy/sy in staat is om 'n artikel van nie minder nie as 200 woorde te kan skryf oor enige van die volgende onderwerpe: duiwesiektes, hokbestuur, skouvoorbereiding van duive en waarom hy/sy op 'n bepaalde ras besluit het, waarin die belangrikste eienskappe van die ras beklemtoon word.

2.13.3.5. Die applikant moet duive op die betrokke kampioenskapskou vertoon en self teenwoordig wees.

2.13.3.6. Die applikant moes die sierduifstokperdjie op minstens twee van die volgende maniere bevorder het:

2.13.3.6.1. Deur minstens een duivevertoning by sy skool aan te bied.

2.13.3.6.2. Deur ander junior lede oor te

haal om as lid by die SASV aan te sluit.

2.13.3.6.3. Deur hulp te verleen met die opslaan en afbreek van skoulogistiek in sy streek;

2.13.3.6.4. Deur 'n foto-album aan die komitee voor te lê van sy duive en hokke, tesame met die tersaaklike opmerkings/byskrifte.

2.13.3.6.5. In staat wees om 'n vloerplan te kan teken van 'n tipiese duiwehok waarop die volgende aangetoon word: broeilokale, water- en kosbakke en sitplekke.

2.13.4. Vir die "Junior van die Jaar" - toekenning moet die kandidate aan 'n soort praktiese toets onderwerp word om hul kennis van duive en die versorging van duive te toets. Die applikant moet 'n teoretiese toets en 'n praktiese toets aflê. Die vraestel word uit die boek, "Handleiding vir die Skou van Sierduive" opgestel en die praktiese toets bestaan uit voorbereiding en skouman, met vrae uit die "Handleiding vir die Skou van Sierduive".

2.13.5. Afhangende van die ouderdom van die junior, kan sy/haar ouers hom/haar help met die opstel van hul motiveering.

2.13.6. Die toekenning sal op die prysuitdelingsfunksie van die kampioenskapskou, oorhandig word. Indien die junior nie teenwoordig is nie, behalwe weens siekte of 'n ander aanvaarbare rede, sal hy die toekenning verbeur en sal dit aan die tweede beste junior presteerder toegeken word.

Addisionele inligting.

Die Junior van die jaar nominasies/deelname strek vanaf die vorige SA's, die vorige SA's ingesluit tot die dag voor die huidige jaar se SA's plaasvind. Alle Sertifikate vir Streekskoue, Jongduifskoue, Spesialiteitskoue, Duiwedae en Jeugskoue moet aangeheg word. (Die vorige sertifikate word nie in aanmerking geneem nie.)

Beoordeling van die Junior **Vorbereiding: Sierduive**

Skoonmaak benodighede:

Die deelnemer moet die skoonmaak benodighede uitpak, dan moet die deelnemer ook noem waarvoor elke item gebruik word.

Die duif moet by die huis skougereed gemaak word en ± 3 dae voor die skou gebad word met 'n badmengsel.

Toonnaels en bek moet by die huis reg geknip en gevyl word, ongeveer drie dae voor die skou.

Die beoordelaar moet die duif hanteer om te kyk of die duif gebad is, in goeie skou kondisie is, vry van parasiete is, vry van gaatjies in die vere is, vere gesond is, neusvrat skoon en gesond is, bek regte lengte geknip en reg gevyl is, toonnaels regte lengte geknip en reg gevyl is, bene en pote skoon is, die bene, pote en toonnaels reg met smeermiddel afgevee is en die vere nie met smeermiddel besmeer is nie.

Die deelnemer moet die duif reg hanteer.

Beoordeling van Skouman:

Sierduive deelnemers moet die duif waarmee hy/sy skou se standaard saamvoeg met die handleiding se standaard

en volgens die handleiding se volgorde en dit so voordra met Skoumanskap.

Algemene voorkoms.

Die deelnemer moet die duif se tipe beskryf.

Die deelnemer moet die duif van sy kop tot sy pote beskryf volgens die standaard, dit wil sê, in geheel.

Die deelnemer moet ook die duif daarvolgens beoordeel en goeie en swak punte, asook diskwalifikasies uitwys.

Die beoordelaar moet daarvolgens ook vrae aan die deelnemer stel om sy/haar kennis te toets.



Dwergieskou by Frik Schoeman te Virginia
Attie van Aswegen

Frik Schoeman het die Dwergieskou vir Noord-Vrystaat by sy huis gehou. Die dag het bedrywig begin met die opslaan

Siektes:

Die deelnemer moet die siektes, oordrag en behandeling noem. (Bv. Inent of medikasie)

Die deelnemer moet gedurende beoordeling poog om die duif te laat skou.

Punte word gegee vir die netheid van die deelnemer, die deelnemer se algehele liefde/gevoel vir die duif en die voordrag van die duif gedurende die beoordeling.

Die "Handleiding vir die skou van Sierduiwe" is op die SASV se Webblad beskikbaar. Ook verkrygbaar by die Nasionale Jeugvertegenwoordiger.



van die hokkies, as gevolg van die reën die vorige aand en nag kon dit nie vroeër gedoen word nie. Die dag het met digte mis begin wat dit vir die padverbruikers moeilik gemaak het, maar het verander in 'n baie mooi dag.

Die opkoms was baie goed. Daar was vyf en twintig lede, gades en voorne-mende lede. Die inskrywings was net so goed, vyf en twintig rasse met vyf en sewentig duiwe. Die duiwe het baie goed gelyk. Daar was lede wat van vêr af gekom het. Chris de Bruin, die beoordelaar vir die dag, Jan Lombard, Koos Meiring, Lourens Muller, oom Piet van Wyk en dan was die ander lede van die omgewing en buurdorpe. Baie dankie aan almal wat daar was en van die dag 'n sukses gemaak het.

Noord-Vrystaat het ook 'n paar nuwe lede daar gehad. Dana en Stefanie Greyling, Kobus en Corrie van Niekerk, Johnny Müller, Koos Meiring, Quintin Prinsloo en Harry en Amanda Munnik. Baie welkom aan hulle en die nuwe lede wat nie daar

kon wees nie. Die dag het goedverloop. Chris de Bruin het beoordeel en die ander lede het duiwe gesels en mekaar leer ken. Ek glo elkeen het iets uit die dag geleer.

Op die einde het Chris na 'n lang uitsoek die drie beste duiwe bekend gemaak. Die derde beste duif was 'n Modeneser van Jan Lombard, Tweede was 'n Sjinese Uil van Lourens Muller en die wenduif was 'n Hollandse Hoogvlieër van oom Piet van Wyk van Sasolburg. Baie geluk oom Piet

en die twee ander manne. Na die beoordeling het ons lekker gebraa en lekker gekuier. Frik en Marie, baie dankie vir die vuur en bykosse. Die bykosse was baie smaaklik.

Baie dankie Chris vir jou beoordeling. Dankie ook aan Quintin vir jou hulp en die neem van die foto's vir die dag.

Baie dankie Frik vir 'n baie suksesvolle 2018 Dwergieskou.



Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800



South African Rare Breeds Club
Suid-Afrikaanse Skaarsras Klub
Established * 1988 *** Gestig**

We endeavour to enhance the following rare breeds
Ons bevorder die volgende skaarsrasse

Arabian Trumpetter, Carneau, Cauchois, Crested Soultz, Damascene, Danish Saubian, Danzig High Flyer, Domestic Flying Flight, Domestic Show Flight, Dutch Capuchine, Dutch Highflyer, Fairy Swallow, Full Head Swallow, Maltese, Indian Fantail, Jacobin, Memeler Highflyer, Muffed Ice Pigeon, Cleanlegged Ice Pigeon, Nuremburg Lark, Ptarmigan, Silician Swallow, Skoorsteenveër, Starling, Stargard Shaker, Steinheimer Bagdad

For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak
President: Hennie Hattingh Tel: 034 995 1020 Cell: 082 923 3910
Sekretaris: At van Jaarsveld - Tel: 013 245 1700 of Cell: 082 368 1214



GJ van Aswegen
Teel met Norwich Croppers en Working Homers
Kontak besonderhede:
Sel: 082 921 1747
e-mail: gjtlofts7@gmail.com



Dead in Shell Youngsters From Pigeon Talk
Submitted by Simon Jordaan

With breeding now in full swing I receive regular calls from fanciers that fertile eggs are failing to hatch i.e. that the embryos these eggs contain are dying through the incubation time. Many fanciers immediately think of Salmonella when they see this, when in fact all infections together including Salmonella account for less than 5% of all dead in-shell youngsters. And so just why do these youngsters die? Most youngsters that die in the egg usually die either in the first few days of

incubation, or alternatively the last few days of incubation. In the first few days embryo death is usually due to either inadequate incubation leading to too low a temperature to keep the chick alive, excessive jarring of the egg that either fatally damages the chick or yolk, or alternatively, a genetic problem affecting the chick which is incompatible with life. Towards the end of incubation, chicks usually die as a result of problems associated with hatching. As incubation ends the chick has to shift from getting its oxygen through the membranes that surround it, to breathing air and also re-absorb its yolk sac (which supplies it with both food and immunity). If the temperature or humidity is incorrect at this time these processes fail to occur correctly and the chick can die.

Between the beginning and end of incubation the chick is essentially just growing and it is here that nutrition and infection become more important. If the young chick is lacking a nutrient it needs for growth or becomes infected it dies.

This year has been a particularly good breeding season for me in that I have not failed to wean a single fertile egg i.e. every egg that was fertile has hatched and been weaned. I have now weaned 50 youngsters. Although pleasing this situa-



MODENESERKLUB VAN S.A.
President: Jan Lombard - 083 274 1014
Sekretaris/Tesourier: Wim van Rensburg - 084 504 2928

DIE PERFЕКTE RAS:
Top kwaliteit Europese Bloedlyne (6x top-7 in 2 jaar), Elegansie, Vruggaarheid, Kleurverskeidenheid, Goeie Voerders, Invoerstrategie om Top Duiwe binne Alle lede se bereik te plaas.

What do you get when you combine long legs, beauty, elegance and curves? - the perfect bird!

tion is unusual despite the best of care. I did however, have one fancier mention to me last week that he had had 30% of all fertile eggs fail to hatch. He did not seem overly concerned and appeared to think that nothing could be done. This is far from the truth. An embryo fatality of 5% could be regarded as normal. Anything more than this should arouse suspicions of a problem.

For those of you having a problem with dead-in-the-shell youngsters, lets have a look at the potential problems that can arise with each of these periods of incubation in more detail, so that hopefully the problem can be solved.

Embryonic Death At The Start Of Incubation

Deaths early in incubation can be detected by opening the egg and seeing that it is in fact fertile, but that the embryo is only poorly developed. As mentioned earlier, the usual cause is poor incubation leading to the egg becoming cold after development has started. Possible causes include improper nesting material, over interference by the fancier, inadequate control of nest bowl mites or pigeon flies, failure to provide second nest bowl for next pair of eggs, too many birds in a section, older arthritic birds, poor nest box design, competition with other birds within the loft, poor parenting, nest box too hot or too cold or poorly ventilated, disturbance outside loft etc. Also as mentioned earlier, eggs are very vulnerable to vibration type injuries early in incubation. Shaking or jarring can kill the developing embryo either directly or by rupturing the yolk. This is of particular relevance when eggs are being transferred for fostering. The effect of thunderstorms is a total myth. Embryos that are unlucky

enough to have genetic abnormalities usually also die early in incubation. Genetic problems are more likely to occur with in-breeding.

Deaths From Day 4 To Day14 Of Incubation

This is the longest period through incubation and yet is the time when least deaths occur. The embryo is simply growing. The growing chick receives its nutrition from the yolk and deaths here can reflect nutritional problems in the hen. Hens that are correctly fed produce nutritious yolks that support healthy embryos. The effect of stock bird nutrition is very underrated. By simply feeding a blend of 2-3 grains and grit it is not possible to prepare the stock hens well for breeding. Fanciers who believe they can do this often accept an elevated embryo death rate or several weak chicks in the nest, as normal.

Although embryos can die of infection at any time through incubation, it is at this time of growth that they are most vulnerable. Certainly there are some infections that can be carried by the hen such as Chlamydia and Salmonella, that can infect the ovary. These can be incorporated into the egg at the time of its formation, and subsequently infect and kill the embryo as it grows. Infection can also pass through the oviduct wall into the egg. These types of infections, that enter the egg prior to laying, are in the minority however. Most infections that embryos develop are caught after hatching in the nest. Nests that are dirty, poorly ventilated or excessively humid lead to eggshell contamination and movement of infectious agents into the egg. Egg quality is also important here. Cracked, thin, miss shapen, rough eggs allow easier entry of infection and are more subject to

trauma. Poor eggs can be due to oviduct disease, but are more often associated with a nutritional deficiency in particular calcium deficiency. Some fanciers will have noticed eggs with translucent clear lines running around the outside of the egg, showing the eggs rotations, as it was passing down the oviduct. These thin areas can be an early sign of calcium deficiency.

Embryonic Deaths At The End Of Incubation

Through incubation a membrane called the chorioallantois develops around the chick. The chorioallantois acts a bit like a human placenta, in that it delivers air to the embryo after it diffuses through the shell. At the end of incubation the chick must swap from a chorioallantoic respiration to breathing air. It does this in two stages. First it internally pips. This involves cutting a small hole into the air chamber at the end of the egg and starting to breath the air it contains. At this stage vibrations can be felt in the egg and chick will sometimes vocalize. After another 12-24 hours the chick then cracks the shell and breaths external air. While this is happening the last of the yolk sac (the chicks nutrition during incubation) is drawn into the navel (and eventually ends up as a tiny sac in the wall of the small intestine called Merckels diverticulum which lasts the whole life of the bird). Interestingly, during this time, the chick also drinks the clear fluid around it called the amniotic fluid. This amniotic fluid, and also the yolk sac contain the antibodies that protect the chick from infection in the first few weeks of life.

While all this complex physiology is going on the chick is vulnerable to problems. Too high or low temperature or humidity

during this time will adversely affect the chick. The usual problem, is however, too high a temperature, or too low a humidity. This combination causes the shell and shell membrane to become hard and dry. This can lead to even a healthy chick becoming exhausted. In addition to this, the chick quickly becomes dehydrated. I am sure many of you, myself included, have helped these chicks hatch only to find them dead later. These chicks die because they are dehydrated. Such chicks if given small drops of water will often suck them down greedily and survive. These dehydrated chicks are called sticky chicks because of the way they stick to the dry shell membranes. They are often found dead after hatching ¼ to ½ the way. If removed from the shell they often have unabsorbed yolk sacs and there is often dry, gluggy albumen still in the egg. For consistently high hatch rates, it is vital the stock birds have access to either rain or a bath around this time. If not possible the underside of the hen and also the eggs can be lightly misted with water from a spray bottle. Ideally the nest box should have a temperature of 20-25 degrees celsius, and a humidity of 70%. If unsure, a thermometer and hygrometer can be placed in the nest box.

In summary, in most lofts hatchability can be dramatically improved by three simple steps:

- 1. Improving stock bird nutrition in the months prior to breeding.**
- 2. A fresh nest bowl for every round, and ongoing nest box hygiene.**
- 3. Access to rain or a bath around hatching.**

If attending to these matters does not help, your avian veterinarian will usually want to test the hen for infection, or alternatively do an egg autopsy.



“Beste wat ek ooit gebruik het. Nou ‘n jaar in gebruik. Duiwe in top kondisie. Puik verveer en ken nie meer siek duiwe nie. Het ook puik veerkwaliteit”

Lourens Muller. Die Duiwehoekie. 29/01/2017



bioworx ANIPRO Aqua - 25 x 5g R117.34

**Ander produkte: bioworx AVIANPRO (Brouersgis) 1kg R156.18
bioworx ENERGYOIL 500ml R182.00
bioworx ENERGYOIL 1lt R346.30
bioworx BIOFUEL 1kg R125.99
bioworx DECHLOR 500g R255.00**

(BTW ingesluit / Afleveringsfooie uitgesluit)

bioworx (edms) bpk 2000/019696/07

Dekgrasweg 429 Sivertondale Pretoria Tel: 012 348 8888 / 082 879 4208
E-pos: hennie@bioworx.co.za Webwerf: www.bioworx-pigeon.co.za



Birmingham Rollers
Christo Munnik

